



Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
Dept. Van Onderwys en Sportontwikkeling
Dept. of Education and Sport Development
NOORDWESPROVINSIE

GRAAD 10

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1

JUNIE 2018

PUNTE : 120
TYD : 2 ½ UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye



NW/JUNE/AFSAL/ EMIS/6*****

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1 GEMEENSKAPLIKE TAAK

DATUM: JUNIE 2018

TYD: 2 ½ UUR

GRAAD: 10

TOTAAL: 120

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Hierdie vraestel bestaan uit **VIJF** afdelings.

1. Beantwoord AL die vrae.

| | | | |
|------------|------------------------------|-------------|----------|
| AFDELING A | Kyk- en Leesbegrip | VRAAG 1 | 30 punte |
| AFDELING B | Opsomming | VRAAG 2 | 10 punte |
| AFDELING C | Taal | VRAAG 3 - 5 | 40 punte |
| AFDELING D | LETTERKUNDE(Skoolgebaseerd) | VRAAG 6 | 40 punte |

2. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

3. Trek 'n streep na elke afdeling.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.



Afdeling A: Kyk- en leesbegrip

Vraag 1: Leesteks

Lees die onderstaande stuk en beantwoord die vrae wat volg.

Teks A

Jakkals en die heuningvoëljie

1. Jakkals lê eendag lekker en slaap, toe hoor hy skielik 'n geflap van vlerke. Dit was Hettie, die heuningvoëljie. Hettie se vlerke het so vinnige geflap dat 'n mens dit amper nie kon sien nie. Sy het haar lang, dun bekkie in 'n blom ingesteeek om die nektar te kry.
“Hettie, wil jy nie vanaand by my kom eet nie?” Hettie kyk af na Jakkals. “Ja, dit sal lekker wees.” Jakkals glimlag skelm. Hy het 'n plan.
2. Daardie aand, toe Hettie oorkom vir aandete, nooi Jakkals haar vriendelik na binne. Hulle gesels 'n rukkie lank oor koetjies en kalfies, toe sê hy dat hulle maar kan gaan aansit vir aandete. Hettie is baie honger, sy kan nie wag vir die kos nie! “Geniet dit!” sê Jakkals toe hy twee vlak bakke vol van die heerlikste kos op die tafel neersit. Hettie probeer eet, maar haar lang bek is in die pad! Sy kan nie by die kos uitkom nie - die bak is te vlak! Jakkals eet toe albei die borde kos op en lek sy lippe af van die lekkerkry. Hettie is toe maar honger huis toe. Jakkals lag skelm toe sy by die deur uitstap. Hy het haar 'n lekker streep getrek!
3. Die volgende dag loop Jakkals deur die veld toe Hettie op hom afgevlieg kom. Hy dink eers sy wil kom baklei, maar sy is vriendelik. “Jakkals”, sê Hettie, “kom eet vanaand by my. Ek het 'n heerlike dis voorberei en wil dit graag vir iemand maak”. Jakkals lek sommer dadelik sy lippe af van luskry. Hettie is 'n goeie kok! “Ja, dankie, ek sal so maak!” sê Jakkals.
4. Sesuur daardie aand klop Jakkals aan Hettie se deur. Hy het nog nie middagete geëet nie, want hy weet mos hy gaan vanaand lekker eet! Hettie nooi hom vriendelik in en sê dat hulle sommer dadelik aansit vir ete, voor die kos koud word. Jakkals se mond water nou behoorlik! Hulle stap deur na die eetkamer en Jakkals gaan sit by die tafel. Die tafel is pragtig gedek, met die mooiste blomme as 'n rangskikking in die middel van die tafel. Die messe, vurke, lepels en glase is reeds op die tafel. Hettie gaan kombuis toe om die borde kos te gaan haal. Toe sy die eetkamer binnekom, sien Jakkals iets vreeslik raak: sy het die kos in twee lang, diep flesses geskep! Sy glimlag asof niks fout is nie en sit die een fles voor Jakkals en een fles voor haarself neer.
5. “Lekker eet!” sê Hettie, met 'n skelm glimlag. Sy steek dadelik haar lang, dun snawel in die fles in en begin eet dat die sop so spat. Jakkals voel of hy kan huil! Daar is geen manier hoe hy sy tong by die kos gaan kry nie, al probeer hy ook hóé hard!
6. Dit wys jou net! Doen aan ander wat jy wil hê hulle moet aan jou doen!

(OBE/UGB PLUS – Leerdergids)



- 1.1 Wie is die twee karakters in die storie? (2)
- 1.2 Wat het Jakkals gedoen toe hy Hettie se vlerke die eerste keer hoor flap het? (1)
- 1.3 Watter soort voëltjie is Hettie? (1)
- 1.4 Watter soort kos het Hettie in die blom gesoek? (1)
- 1.5 Hoekom kan `n mens amper nie Hettie se vlerke gesien het nie? (1)
- 1.6 Haal `n gedeelte aan wat vir ons sê dat Hettie Jakkals se uitnodiging aanvaar het? (1)
- 1.7 Wat het Jakkals gedoen toe Hettie die uitnodiging aanvaar het? (1)
- 1.8 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraag (1.8) en die letter (A-D) neer.

Om oor koeitjies en kalfies te gesels beteken om ...

- A. oor koeie te gesels.
B. oor alledaagse sakies te gesels.
C. oor die toekoms te gesels.
D. oor niks te gesels nie. (1)
- 1.9 Hoe weet ons dat Hettie baie honger was? (1)
- 1.10 Hoe het die bakke gelyk waarin Jakkals die kos geskep het? (1)
- 1.11 Hoekom kon Hettie nie die kos uit Jakkals se bakke eet nie? (1)
- 1.12 Verduidelik waarom die volgende stelling ONWAAR is. Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit paragraaf 2.
- Hettie het haar bord kos opgeëet. (1)
- 1.13 Waarom het Jakkals gedink dat Hettie wil baklei? (1)
- 1.14 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.14) en die letter (A-D) neer.

Jakkals het sy lippe gelek omdat Hettie ...

- A. 'n goeie kok was.
B. min kos gemaak het.
C. 'n sagte teiken was.
D. bang was. (1)
- 1.15 Hoe laat het Jakkals aan Hettie se deur geklop? (1)

- 1.16 Noem enige twee eetgereedskap wat op Hettie se tafel was toe Jakkals by die eetkamer instap. (2)
- 1.17 Hoe lyk die borde waarin Hettie die kos geskep het? (1)
- 1.18 Waarom dink jy het Hettie hierdie soort borde gebruik? (1)
- 1.19 Hoe het Jakkals gevoel toe hy nie die kos kon eet nie? (1)
- 1.20 Waarom dink jy was Jakkals nie 'n goeie vriend vir Hettie nie? (1)
- 1.21 Sou jy soos Hettie gemaak het deur Jakkals ook 'n streep te trek? (*revenge*) Sê JA/NEE en motiveer jou antwoord. (1)
- 1.22 Watter les leer 'n mens uit hierdie storie? (1)

Teks B: Visuele teks

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae

Televisieprogramrooster

| SABC 1 | | e.tv | |
|--------|--|-------|--------------------------------------|
| 5:00 | YO.TV | 5:00 | Hallelujah Africa |
| 8:00 | Take 5 | 5:30 | Goeiemôre Suid-Afrika |
| 8:30 | Herhaling: The Bold And the Beautiful | 8:00 | Kassiekopies |
| 9:00 | Sepie: Generations | 8:30 | Herhaling: Backstage |
| 9:30 | Sepie: Isidingo | 9:00 | Oggendtydskrif |
| 10:00 | Fliiek: As die son sak | 9:30 | WWE Velocity |
| 11:00 | Net voor middagete | 10:30 | Fliiek: Terminator |
| 11:30 | Vepaphi | 12:30 | Wêreldnuus |
| 12:00 | Zola 7 | 13:00 | Judge Judy |
| 13:00 | YO.TV | 13:30 | Ricky Lake |
| 16:30 | Take 5 | 14:30 | Kassiekopies |
| 17:00 | Nuushoof trekke | 15:00 | Tekenkopies |
| 17:10 | Sepie: Days of our lives | 16:00 | Tekenprente |
| 18:00 | Sepie: The Bold and The Beautiful | 16:45 | Sepie: Passions |
| 18:30 | Musiekprogram | 17:30 | Sepie: The Young and the Restless |
| 19:00 | Komedie: My kinders | 18:15 | Nuushoof trekke |
| 19:30 | Nuus | 18:30 | Sepie: Backstage |
| 20:00 | Sepie: Generations | 19:00 | Nuus |
| | | 19:30 | Friends |
| | | 20:00 | Fliiek: The Lord of the Rings |

[Koelkop Leerdergidis]



- 1.23 Noem die twee televisiekanale wat ons hier kry? (2)
- 1.24 Na watter program sal jy kyk as jy iets oor die Bybel wil sien? (1)
- 1.25 Hoe laat is die nuushoof trekke op die TWEEDE TV-kanal? (1)
- 1.26 Watter gewilde sepie speel om agtuur (20:00) op die EERSTE TV-kanal? (1)
- 1.27 Jy is die middag vroeg klaar met jou huiswerk. Sal jy televisie kyk of buite saam met jou maats gaan speel? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

Totaal Afdeling A: (30)

Afdeling B: Opsomming

Vraag 2

Teks C: Hoe om misdaad te beveg.

- Som in sewe volsinne op oor **hoe om misdaad te beveg**.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Hoe om misdaad te beveg.

1. Sorg dat jy die telefoonnummers van jou ouers en die polisie ken om misdaad te rapporteer. Jy kan hulle bel as jy hulp nodig het.

2. Om uit die moeilikheid te bly moet jy jou identiteitsdokument veilig hou. Jy moet kan bewys wie jy is.

3. Moet nooit jou bankkaart aan enige iemand gee om vir jou geld te trek nie. Hulle kan jou geld steel.

4. As jy jou selfoon wil wegsteek, hou dit waar niemand dit kan sien nie. Mense sal jou aanrand om jou selfoon te steel.

5. Moenie kos en drankies van mense wat jy nie ken, vat nie. Op so manier kan jy vergiftig word.

6. Jy moet geweld teen vroue en kinders rapporteer as deel van jou plig om misdaad te beveg. Dit is soms vir hulle moeilik om dit self te rapporteer.

7. Moenie gesteelde goed koop nie. Dit kan jou in die tronk laat beland.

[www google]

Totaal Afdeling B: 10



Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies**Vraag 3: Advertensie****Teks D**

Lees en bestudeer die advertensie (Teks D) hieronder en beantwoord die vrae.

KOM GENIET 'N POPPESPELVERTONING!

| | |
|----------|-------------------------------|
| Toegang: | R5 |
| Wanneer? | Saterdagmiddag |
| Waar? | Durban-Noord Primêr Skoolsaal |

Springmielies en koeldrank te koop!

Kom ontmoet 'n superster!

Sien jou daar!



[OBE/UGO PLUS Leerdergids]

- 3.1. Wat word hier geadverteer? (1)
- 3.2. Waar word dit gehou? (1)
- 3.3. Noem twee dinge wat daar te koop is. (2)
- 3.4. Wanneer vind die vertoning plaas? (1)
- 3.5. Hoekom is **“Sien jou daar!”** in groot letters geskryf? (1)
- 3.6. Sal jy so `n vertoning bywoon? Motiveer jou antwoord. (1)
- 3.7. Wat is, volgens jou, ‘n superster? (1)
- 3.8. Die toegangsgeld is R5. Waarvoor staan die **R**? (Skryf dit volledig uit) (1)
- 3.9. Wie is die teikengroep van die advertensie (*target group*)? (1)

(10)

Vraag 4: Stokiesprent

Teks: E

Lees en bestudeer die strokiesprent (Teks E) hieronder en beantwoord die vrae.



[Koelkop Leerdergids]

4.1 Gee die antonieme/teenoorgestelde betekenis van die onderstreepte woorde.

4.1.1 Die meisie se pen is lank. (1)

4.1.2 Die seun het lelik gelyk. (1)

4.2 Kies die korrekte voorsetsel en vul dit in

op / met / aan

4.2.1 Die kind skryf ... 'n pen (1)

4.2.2 Kaelin sit ... die bed. (1)

4.3 Skryf die volgende sin in die verlede tyd.

Hy slaan die kind met die kussing. (1)

4.4 Gee die meervoud van die onderstreepte woord.

Daar was vier kussing op die bed. (1)

4.5 Kies die regte woord tussen hakies

Sy het in (haar/sy) dagboek geskryf. (1)

- 4.6 Die woord “vandag” bestaan uit die volgende **lettergrepe: van-dag**.
Verdeel nou die woord “**kussing**” in lettergrepe. (1)
- 4.7 Kies die **korrekte woord** tussen hakies.
Gary is met die (**grootste/groter**) kussing geslaan. (1)
- 4.8 Gee **een woord** vir die woorde tussen hakies.
Die kinders was (**nie gelukkig nie**) toe Gary met die kussing geslaan word. (1)

Vraag 5

- 5.1 Lees die teks (Teks F) hieronder en beantwoord die vrae.

Teks F: Leesteks

Beste Thabo

Ek is 5.1(vandag/gister) raadop. Ek het 5.2 (jou/sy) mos al vertel van Thabiso, die ou 5.3 (wat /wie) my so boelie.

Net na pouse 5.4 (___) ons Wiskunde gehad. Toe ek my sak oopmaak om my 5.5 (boeke/books) uit te haal, voel ek `n taai gemors.

5.6 (Ek is so kwaad) dat ek sommer voor die hele klas gehuil het. 5.7 (Ek het onmiddellik gewet dit was Thabiso).

“Vandag sal Juffrou se 5.8 (wit+broodjie) nie so belangrik voel nie”

Al wat ek weet, is dat Thabiso 5.9 (die/n) les geleer moet word!

As jy nie 5.10 (raat/raad) of `n plan het nie, 5.11 (jou maats vra) of hulle nie 5.12 (weet/ken) hoe hy `n les geleer kan word nie.

Ek is nou besig om aan die 5.13 (goeie) plan te werk.

5.14(Groete./Groet.)


Tumi

- 5.1 Kies die **korrekte woord**.
Ek is (**vandag/gister**) raadop. (1)
- 5.2 Kies die **korrekte woord**.
Ek het (**jou/jy**) mos al vertel van Thabiso. (1)

- 5.3 Kies die **korrekte woord**.
Die ou (**wat/wie**) my so boelie. (1)
- 5.4 Vul die **ontbrekende hulpwerkwoord**.
Net na pouse _____ ons Wiskunde gehad. (1)
- 5.5 Kies die **korrekte woord**.
Toe ek my sak oopmaak om my (**boeke/books**) uit te haal. (1)
- 5.6 Skryf in die **verlede tyd**.
Ek is so kwaad. (1)
- 5.7 Skryf in die **ontkennende vorm**.
Ek het onmiddellik geweet dit was Thabiso. (1)
- 5.8 Gee **een woord** vir die woorde tussen hakies.
“Vandag sal Juffrou se (**wit+broodjie**) nie so belangrik voel nie” (1)
- 5.9 Kies die **korrekte lidwoord**.
Al wat ek weet, is dat Thabiso (**die/'n**) les geleer moet word. (1)
- 5.10 Kies die **regte woord**.
As jy nie (**raat/raad**) of 'n plan het nie (1)
- 5.11 Verbeter die **woordorde**.
As jy nie 'n plan het nie, (**maats vra jou**) of hulle het. (1)
- 5.12 Kies die **korrekte woord**.
Hulle moet (**weet/ken**) hoe hy 'n les geleer kan word. (1)
- 5.13 Gee die korrekte **trappe van vergelyking**.
Ek is besig om aan die (**goeie**) plan te werk. (1)
- 5.14 Kies die **korrekte woord** om die brief mee af te sluit.
Aan die einde van 'n vriendskaplike brief skryf ons gewoonlik die woord (**Groete./Groet.**) (1)

5.2 Teks G: Leesteks

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.



[OBE/UGO PLUS – Leerdergids]

Kies elke keer die korrekte woord tussen hakies.

- 5.2.1 Die rower is besig om (in/af) te breek. (1)
- 5.2.2 Die mans het (dieselfde/verskillende) broeke aan. (1)
- 5.2.3 Die winkel verkoop baie (dier/duur) juwele. (1)
- 5.2.4 Die rower het `n (doek/hoed) op sy kop. (1)
- 5.2.5 Die rower (hardloop/stap) weg toe hy die twee mans sien. (1)
- 5.2.6 Dit is (verkeerd/reg) om te steel. (1)

Totaal Afdeling C: 40

GROOTTOTAAL: 80